SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2017

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Beantwoord vrae in volsinne en die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde moet voldoen aan die kognitiewe vereistes van die vrae.

4. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

6. Lees AL die vrae sorgvuldig deur.

7. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

8. Laat 2 tot 3 reëls tussen onderafdelings van vrae.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D

1.1.1 Wêreldmarkte staan ook as … markte bekend.

A kollektiewe
B geld-
C globale
D volmaakte

1.1.2 ŉ Eienskap van ŉ onvolmaakte mark:

A Daar is een verskaffer of ŉ paar groot verskaffers
B Produkte is homogeen
C Daar is geen hindernisse tot toetrede nie
D Daar is baie kopers en verkopers

1.1.3 Hierdie faktor sal tot ŉ uitwaartse beweging van die PMK lei:

A Verbeterde tegnologie
B Onbeskikbaarheid van arbeid
C Gebrek aan grondstowwe
D Onproduktiewe arbeid

1.1.4 Die volgende word beskou as ŉ algemene oorsaak van werkloosheid:

A ŉ Groot bekwame arbeidsmag
B ŉ Swak onderwysstelsel
C Voldoende groei in die ekonomie van ŉ land
D Arbeidsintensiewe bedrywe

1.1.5 Vakbonde …

A het die mag om werkgewers en werkers te dwing om die Wet op Arbeidsverhoudinge na te kom.
B onderhandel verbeterde lone en werksomstandighede vir hulle lede.
C maak voorstelle oor arbeidsbeleid en wetgewing.
D help om arbeidsdispute te beredder deur konsiliasie of arbitrasie.

1.1.6 ʼn Toename in die loonkoers sal, *ceteris paribus*, lei tot …

A ʼn afname in hoeveelheid arbeid gevra.
B ʼn afname in die vraag na arbeid.
C ʼn toename in die hoeveelheid arbeid gevra.
D ʼn toename in die vraag na arbeid.

1.1.7 Grensbelasting op ingevoerde produkte:

A Belasting op toegevoegde waarde
B Aksynsregte
C Doeanereg
D Groen belasting

1.1.8 In 1996 is hierdie beleid ingestel om skoolprestasie te verbeter:

A SOOO
B WAV
C SASW
D WVO (8 x 2) (16)

1.2 Kies ʼn omskrywing uit KOLOM B wat pas by ʼn item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Arbeidsmag-deelnamekoers | A bevorder kollektiewe bedinging en konsultasie in die werkplek |
| 1.2.2 Begrotingslyn | B formele aktiwiteite wat individue se vermoë om hulle volle potensiaal te bereik, verbeter |
| 1.2.3 *Ceteris paribus* | C verskaf werkloosheidsyfers volgens beide nou en breë definisies van werkloosheid |
| 1.2.4 Menslike Hulpbron Ontwikkeling | D wanneer die regering mense wat in sosiale nood is, deur middel van oordragbetalings subsidieer |
| 1.2.5 KMVA (CCMA) | E alle ander dinge bly konstant |
| 1.2.6 BBSEB (BBBEE) | F verskillende kombinasies van goedere en dienste wat ons met ʼn gegewe inkome kan koop |
| 1.2.7 Welsynstoelae | G verskaf ʼn basis vir transformasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie |
| 1.2.8 Statistiek Suid-Afrika | H ʼn instrument wat gebruik word om te bepaal watter deel van die bevolking ekonomies aktief is |
| | I arbitreer dispute wat onopgelos gelaat is na konsiliasie |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee die korrekte term vir elk van die volgende omskrywings:

1.3.1 Grafiek wat al die kombinasies van twee kommoditeite bevat wat ŉ verbruiker ŉ gelyke hoeveelheid bevrediging gee

1.3.2 Addisionele bevrediging verkry deur verbruik van een ekstra eenheid van ŉ produk of diens oor ŉ gegewe tydperk

1.3.3 Goedere verskaf deur die regering, aangesien hulle voordelig vir die samelewing is

1.3.4 ŉ Situasie waar ŉ persoon nie tot sy of haar volle vermoë in diens geneem is nie

1.3.5 Werkers onderhandel as ŉ groep met werkgewers rakende die werksomstandighede

1.3.6 Hierdie Wet is ingestel ten einde die gehalte van vaardighede asook produktiwiteit in die werksplek te ontwikkel en te verbeter (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende kortvrae:


2.1.1 Noem TWEE funksies van ŉ mark. (2 x 1) (2)

2.1.2 Wat is volmaakte markte? (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

**PRODUKSIEMOONTLIKHEIDSKURWE**




2.2.1 Hoeveel ton koring en ton staal sal by punt B geproduseer word? (2 x 1) (2)

2.2.2 Vir watter doel word die produksiemoontlikheidskurwe gebruik? (2)

2.2.3 Verduidelik die begrip *skaarsheid*. (2)

2.2.4. Waarom word produksie by punt G as ondoeltreffend beskou? (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Prys | Hoeveelheid gevra | Hoeveelheid aangebied |
|---|---|---|
| R10 | 20 | 100 |
| R6 | 60 | 60 |
| R2 | 100 | 20 |

2.3.1 Identifiseer die ewewigsprys en -hoeveelheid. (2)

2.3.2 Gee die Wet van Aanbod. (2)

2.3.3 Verduidelik *produksiekoste* as 'n faktor wat 'n verandering in hoeveelheid aangebied kan veroorsaak. (2 x 1) (2)

2.3.4 Bereken die *surplus* aanbod. Toon alle berekeninge. (4)

2.4 Onderskei tussen *nasionale* en *internasionale markte*. (2 x 4) (8)

2.5 Wat is die kenmerke van indifferensiekurwes? (4 x 2) (8)
**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**40 PUNTE–30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende kortvrae.

3.1.1 Noem enige TWEE benaderings om werkloosheid op te los. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat word bedoel met ŉ *ekonomies-aktiewe bevolking*? (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**COSATU WIL SUIKERBELASTING UITSTEL TOT WERK VERSEKER IS**

Die vakbondfederasie, Cosatu, het ŉ beroep gedoen op ŉ vertraging in die implementering van belasting op suikerversoete drankies, omdat ŉ omvattende oorgangs- en werksplan eers ontwikkel moet word. Alhoewel Cosatu saamgestem het dat diabetes en vetsug bydra tot ŉ nasionale gesondheidskrisis, is hulle besorg oor die werksverlies wat sal plaasvind a.g.v. die belasting wat daarop gemik is om die verbruik van suikerdrankies te verminder.

"Vetsug, diabetes en baie ander siektes veroorsaak deur die oormatige verbruik van suiker het ŉ vreeslike en dodelike uitwerking op werkersklasgesinne. Ons status as die vetsugtigste nasie in Afrika som die krisis op."

[Bron: *Business Live*, Linda Ensor 2017]

3.2.1 Identifiseer TWEE negatiewe uitwerkings van suikerverbruik uit bostaande uittreksel. (2 x 1) (2)

3.2.2 Watter vakbond verteenwoordig werkers in bostaande uittreksel? (2)

3.2.3 Volgens die uittreksel, wat is die doel van suikerbelasting? (2)

3.2.4 Wat sal die uitwerking van die suikerbelasting op die ekonomie wees? (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

seda

SMALL ENTERPRISE DEVELOPMENT AGENCY

a member of the dti group

Die seda is in Desember 2004 gestig as 'n agentskap onder die Departement van Handel en Nywerheid. Die stigting is gedoen deur drie organisasies te verenig, naamlik die Ntsika Enterprise Promotion Agency, die Nasionale Vervaardigingsadvies Sentrum en die Gemeenskaps Openbare Private Vennootskapprogram.

Seda bied besigheidsontwikkeling en ondersteuningsdienste vir klein ondernemings deur sy nasionale netwerk. Seda implementeer ook programme wat gerig is op besigheidsontwikkeling in gebiede wat deur die regering geprioritiseer word.

[Bron: *www.thedti.gov.za*]

3.3.1 Waarvoor staan die afkorting *seda*? (1)

3.3.2 Watter staatsdepartement is seda deel van? (1)

3.3.3 Noem enige ander TWEE instellings wat entrepreneurskap in Suid-Afrika bevorder. (2 x 1) (2)

3.3.4 Wat is die rol van seda? (1 x 2) (2)

3.3.5 Hoe kan entrepreneurskap deur formele onderwys aangemoedig word? (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen *substituut-* en *komplementêre* goedere (2 x 4) (8)

3.5 Wat is die arbeidsregte in Suid-Afrika? (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE & KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende kort vrae.

4.1.1 Noem TWEE tipes effektiwiteit. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat is *geleentheidskoste?* (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TAXISTAKING AFGEWEER, MAAR BEDREIGING BLY**

Verlede maand het taxi-eienaars en bestuurders begin met ŉ vertraging in protes teen toegang tot finansiering, ŉ tekort aan subsidies vir die taxi-bedryf en bedryfspermitte. Hulle het al Gauteng se hoofpaaie geblokkeer om hul boodskap oor te dra, wat veroorsaak dat vlugte van OR Tambo Internasionale Lughawe vertraag word.

Die bedryf het gedreig om die land tot stilstand te bring as sy kommer nie aangespreek word nie. Die Minister van Vervoer, mnr. Joe Maswanganyi, het gesê dit is ooreengekom om kwessies rakende die taxi-industrie aan te spreek en dat die departement van vervoer en Santaco komitees sal stig

[Bron: *Times Live*, Ernest Mabuza 2017]

4.2.1 Identifiseer TWEE redes, uit die uittreksel, wat gelei het tot die vertraging van dienste in die taxibedryf. (2 x 1) (2)

4.2.2 Tot watter sektor behoort die taxibedryf? (2)

4.2.3 Wat is ŉ staking, soos na verwys in bostaande uittreksel? (2)

4.2.4 Hoe sal die taxistaking die ekonomie beïnvloed? (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**Tabel 1:** Inkome Ongelykheid (Gini-koëffisiënt)
Posisie van BRICS-lande

| **BRICS** | **Gini Indeks** | **Wêreld-posisie** | **Jaar van verslag** |
|---|---|---|---|
| Suid-Afrika | 0,63 | 4 | 2009 |
| Brasilië | 0,55 | 13 | 2009 |
| China | 0,43 | 54 | 2005 |
| Rusland | 0,40 | 68 | 2009 |
| Indië | 0,33 | 116 | 2005 |

[Bron: Index Mundi, World Bank data. April 2014]

4.3.1 Watter land het die laagste inkome-ongelykheid? (1)

4.3.2 Noem enige EEN van die BRICS-lande. (1)

4.3.3 Verduidelik die begrip *Gini-koëffisiënt*. (2)

4.3.4 Wat dui 'n *Gini-koëffisiënt* van 0,63 in Suid-Afrika aan? (2)

4.3.5 Wat dink jy behoort die regering te doen om inkome-ongelykheid te verminder? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek indirekte belasting en subsidies as metodes van openbaresektor inmenging. (2 x 4) (8)

4.5 Verduidelik waarom, volgens jou mening, sekere groepe mense in Suid-Afrika ekonomies gemarginaliseerd is. (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| **STRUKTUUR VAN OPSTEL** | **PUNTE-TOEKENNING** |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ʼn Goeie begin sal wees om die begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:**<br>• Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities /Ontleed/Vergelyk/ Evalueer/Onderskei/Verduidelik / Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:**<br>• Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ʼn grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige toepaslike hoër-orde slot wat die volgende behoort in te sluit:<br>• ʼn Kort opsomming van wat bespreek/ontleed is sonder die herhaling van enige feite wat reeds in die inhoud genome is.<br>• ʼn Mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreekte is<br>• Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ ontleding versterk<br>• ʼn Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL:** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

*Markmislukking vind plaas wanneer die mark misluk om goedere en dienste te verskaf, of te veel of te min verskaf. Dit is die hoofrede waarom regerings in markte inmeng.*

- Bespreek in detail, met behulp van grafieke, die volgende metodes van regeringsinmenging:

  - Maksimum pryse
  - Minimum pryse (26)

- Wat is die argumente ten gunste van minimum lone? (10)

**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 40 MINUTE**

*Die skepping van werksgeleenthede is een van die makro-ekonomiese doelwitte van die regering.*

- Bespreek, in detail, die verskeie soorte werkloosheid. (26)

- Watter strategieë het die Suid-Afrikaanse regering geïmplementeer om die kwessie rondom werkloosheid aan te spreek? (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou